11.5.71

14/71

G.P.-S. J. 445.

# In the Supreme Court of South Africa
# In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(Appellate DIVISION).
AFDELING).

APPEAL IN CRIMINAL CASE.
APPÈL IN STRAFSAAK.

JOHANNES VAN DER VYVER

Appellant.

*versus/teen*

The STATE

Respondent.

*Appellant's Attorney* Hill, McH. & de R. *Respondent's Attorney* A.G. (G'town)
*Prokureur van Appellant* *Prokureur van Respondent*

*Appellant's Advocate* Adv. H.P. Rogers *Respondent's Advocate* P. Yutar S.C.
*Advokaat van Appellant* *Advokaat van Respondent* C.B. Cillié

*Set down for hearing on* 20-8-71
*Op die rol geplaas vir verhoor op* 2 5. 6

(E.C.D.) Rumpff, A.R. Potgieter, A.R. Jansen, A.R.

9.45 - 10.10 vm.
10.10 - 10.35 vm.
10.35 - 10.40 vm.

C.A.V.

Rumpff A.R.: - Vonnis verander na twaalf maande gevangenisstraf waarvan vier maande opgeskort word vir 'n tydperk van drie jaar op voorwaarde dat die appellant nie skuldig bevind word nie aan 'n misdaad waarvan oneerlikheid 'n element is en wat gepleeg is binne die periode van opskorting.

GRIFFIER
30/8/1971

14/71

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

JOHANNES VAN DER VYVER — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: RUMPFF, POTGIETER et JANSEN, A.RR.

VERHOOR: 20.8.1971. GELEWER: 30.8.1971.

---

RUMPFF, A.R. :

Die appellant in hierdie saak is deur n landdros te Kokstad skuldig bevind aan die diefstal van vier beeste en gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf en n verdere 6 maande gevangenisstraf wat opgeskort is vir 3 jaar op voorwaarde dat die appellant nie gedurende die periode van opskorting weer skuldig bevind word nie aan n misdaad waarvan oneerlikheid n element is. n Appèl teen sy skuldigbevinding en straf by die Oos-Kaapse Afdeling is afgewys asook n aansoek om verlof om by hierdie Hof in hoër beroep te gaan. Hierdie Hof het egter verlof tot appèl toegestaan maar alleen vir sover dit die vonnis betref.

Die/.....

Die klaagster in die saak, ʼn mev. Victor, is ʼn weduwee van minstens vier en tagtig jaar wat alleen op ʼn plasie in die Kokstaddistrik woon. Sy het nie meer ʼn volkome helder geheue nie en is nie eintlik in staat om haar eie sake te behartig nie. St steun op advies van ʼn buurman, Oelofse, en van haar seun wat haar af en toe vanaf Pinetown besoek. Appellant self het haar ook in sekere opsigte gehelp. ʼn Deel van haar grond het sy verhuur aan appellant wat 21 jaar oud was tydens die verhoor op 25 Maart 1970, en wat as busbestuurder in diens van die Spoorweë is. Op die gehuurde deel het hy ʼn varkboerdery gehad. Volgens appellant se getuienis het die klaagster aan hom die vier beeste verkoop in September 1969. Sy wou R26 stuk gehad het maar hy het haar R30 stuk aangebied. In Februarie 1970, toe hy nog niks van die koopsom aan die klaagster betaal het nie, het hy besluit om die beeste in Durban te verkoop. Sy vader het op 9 Februarie vir hom ʼn trok bestel by Kargspost waar die beeste sou gelaai word. Op 12 Februarie 1970 het appellant sy bediende gelas om die beeste na Kargspost aan te ja. Klaagster het erken dat appellant die beeste van haar wou koop

teen/.....

teen R36 stuk maar dat sy nie sonder advies van haar seun wou verkoop nie. Wel het sy aan appellant in Januarie 1970 toestemming verleen om die beeste na sy vader se plaas by New Amalfi te neem om daar geleer te word om te ploeg. Oelofse, die buurman van klaagster, het gesien toe die osse op 12 Februarie in die rigting van Kargspost aangeja word en het instruksies gegee dat die beeste na die klaagster teruggeneem word. Op dieselfde dag het appellant na hom toe gekom en gesê dat hy 'n permit gehad het om die osse te ja na New Amalfi om te gaan ploeg. Oelofse het ook getuig dat die waarde van die beeste in September 1969 van R60 tot R70 stuk was en tydens die verhoor R95 stuk.

Toe appellant op 18 Februarie gearresteer is, het hy aan die Polisie 'n skriftelike verklaring afgelê waarin hy o.a. gesê het: „Ek het met Mevrou Victor gereël om die vee naamlik 4 osse wat aan haar behoort na my pa se plaas te neem vir weiding aangesien die weiding op haar plaas in die winter baie verswak". Weens die feit dat sy getuienis omtrent 'n koopkontrak met klaagster verwerp is, is die omstandighede waaronder die diefstal plaasgevind het dus dat hy oënskynlik die beeste na sy vader se plaas wou neem vir weiding maar in

werklikheid/....

werklikheid die beeste in Durban vir sy eie voordeel wou verkoop. By die oplegging van die vonnis het die landdros in sy uitspraak die volgende gesê:

> „In verband met vonnis het die hof in gedagte gehou dat:
> 1. Die beskuldigde ŉ jongman van 21 jaar oud is;
> 2. Hy geen vorige veroordelings het nie;
> 3. Dat hy vir die res van sy lewe gebrandmerk sal gaan.
> 4. Dat hy die volste vertroue van die klaagster gehad het in so ŉ mate dat hy haar pensioen vir haar gaan trek het namens haar, dat hy van die vertroue misbruik gemaak het;
> 5. Dat veediefstal ŉ baie ernstige oortreding is en die hof deur die Wetgewer ŉ baie groot strafjurisdiksie toegeken is.
> 6. Dat die toename van die soort misdaad in die distrik kommer wek.
>
> Met die ingedagte het die hof die beskuldigde ŉ vonnis opgelê wat nie alleen as straf sal dien nie maar ook sal dien as ŉ afskrikmiddel aan ander persone. Weens die feite genoem in nommers 1 tot 3 hierbo, het die hof dit goed geag om ŉ gedeelte van die vonnis vir ŉ periode van 3 jaar op te skort op sekere voorwaardes."

Namens appellant is aangevoer dat die landdros ŉ mistasting begaan het deur in oorweging te neem „dat die toename van die soort misdaad in die distrik kommer wek". Die argument is dat hoewel veediefstal in die distrik

mag/.....

mag toeneem dit onwaarskynlik is dat die soort van diefstal soos in dié onderhawige saak in die distrik toeneem en sou kommer wek. Hier is egter geen ~~wanoorligting~~ wanvoorligting aan die kant van die landdros nie. Al wat hy wesenlik meld is dat veediefstal, m.a.w. die groeiende neiging om vee te steel, in die distrik kommer wek. Dit is ŉ geregverdigde oorweging, afgesien van hoe presies die diefstal plaasvind. Daar is verder betoog dat indien al die omstandighede van die saak in ag geneem word die straf buitensporig swaar is en dat hierdie Hof sal ingryp en ŉ opgeskorte vonnis oplê. Na oorweging is ek van mening dat ingegryp behoort te word maar dat ŉ opgeskorte vonnis nie geregverdig is nie. Die oorwegings ten gunste van die appellant is deur die landdros aangemerk. ŉ Mens het hier te doen met ŉ vonnis van diefstal wat as diefstal verswarend behoort te tel weens die misbruik van die vertroue van ŉ bejaarde afhanklike weduwee maar aan die ander kant wat as veediefstal nie die vorm aangeneem het wat gewoonlik gebruik word om beeste of skape te steel nie. Hoewel dus die volle gewig van die Wetgewer se bedoeling om veediefstal swaar te straf in aanmerking geneem moet word, skyn al die omstandighede van die onderhawige saak

aan/.....

aan te toon dat die vonnis wat opgelê word nie te naby die maksimum gevangenisstraf behoort te kom nie wat 'n landdros mag oplê vir 'n eerste oortreder wat die appellant is. Luidens artikel 13 van Wet 57 van 1959 is die maksimum 'n gevangenisstraf vir twee jaar of 'n boete van R500 en gevangenisstraf vir 2 jaar.

Die vonnis opgelê in die onderhawige saak is wesenlik 18 maande gevangenisstraf waarvan 6 maande vir 3 jaar opgeskort is. Hoewel 6 maande opgeskort is, is dit deel van die straf want die doel daarvan is om die 6 maande vir 3 jaar soos 'n swaard bo die hoof van appellant te laat hang as afskrikmiddel teen strafbare oneerlikheid. In al die omstandighede van die saak is ek van mening dat die vonnis opgelê vir 'n eerste oortreder van die leeftyd van die appellant te naby die maksimum van twee jaar gevangenisstraf kom en dat 'n mindere straf opgelê behoort te word. Na my mening is 'n paslike vonnis gevangenisstraf van 12 maande waarvan 4 maande opgeskort behoort te word.

Die appèl slaag dus en die opgelegde

vonnis word tersyde gestel en vervang deur ꞌn vonnis van twaalf maande gevangenisstraf waarvan vier maande opgeskort word vir ꞌn tydperk van drie jaar op voorwaarde dat die appellant nie skuldig bevind word nie aan ꞌn misdaad waarvan oneerlikheid ꞌn element is en wat gepleeg is binne die periode van opskorting.

RUMPFF, A.R.

POTGIETER, A.R.
JANSEN, A.R.
Stem saam.